

## **SARS wen hofsaak teen misdadige belastingpligtige**

**Tshwane, 31 Julie 2023** – Die kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) verwelkom die bevel wat op 26 Julie 2023 deur die KwaZulu-Natale plaaslike afdeling in Durban beslis is, waardeur die weerspannige enkellid van Tiar Construction BK (onder likwidasie) (“Tiar Construction”) beveel is om met die likwidateurs in die administrasie van Tiar Construction se boedel saam te werk.

Die aansoek is gerig deur die mede-likwidateurs van Tiar Construction as laaste hoop om die samewerking van die alleenlid van die insolvente entiteit, Mr L Marimuthu, te win. Dit was om mnr. Marimuthu te dwing om met die mede-likwidateurs saam te werk in die uitvoer en nakoming van wetlike verpligtinge in die likwidasie van die boedel. Die kwessies voor die hof het ingesluit die versuim deur mnr. Marimuthu, om die bestaan van ál Tiar Construction se bates bloot te lê, om die mede-likwidateurs van alle dokumente en bates ten opsigte van die entiteit te voorsien, en die oorhandiging van alle dokumente en bates van die entiteit.

Tydens die verhoor van 26 Julie 2023, het regsverteenwoordigers van mnr. Marimuthu ‘n amptelike aansoek vir die uitstelling van die saak oorhandig. Sodanige aansoek vir uitstelling is deur die hof geweier, omdat dit nie oortuig was dat die aansoek te goeder trou was nie en omdat die litigante nie toegelaat kon word om hofprosesse te omseil nie.

Die hoofaansoek is egter aangehoor en ‘n bevel is uitgereik dat die alleenlid ‘n verklaring van sake van Tiar Construction moet lewer en om alle dokumentasie en bates in sy besit ten opsigte van Tiar Construction moet oorhandig en/of om te bevestig waar dié is wat nie in sy besit is nie.

SARS erken dat, te midde van moeilike ekonomiese tye, die aantal belastingpligtiges wat insolvensie in die gesig staar, styg. Likwidateurs speel in hierdie verband ‘n belangrike rol tydens die likwidasie van maatskappye en met die herwinning van al die bates, asook die beskerming van die regte van die krediteurs in die boedel, SARS ingesluit.

SARS-kommissaris Kieswetter het gesê: “SARS sal enige pogings deur enige belastingpligtige, wat met opset probeer om nakoming van hul verpligtinge met likwidasieprosesse te omseil en hofprosesse te frustreer, teenstaan. Dit is tot die nadeel van krediteurs in die insolvente boedel. Die fiskus is gereed die hoofslagoffer. SARS sal voortdurend sonder huiwering optree teen nienakomende belastingpligtiges en maak ‘n beroep op diegene van vernietigend optree om die pogings tot likwidasie en sekwestrasie teë te staan, om dit te laat vaar”.

Die kommissaris het ten slotte benadruk dat SARS nie sal bontstaan terwyl belastingpligtiges kwaadwillig optree deur die misbruik van hofprosesse en vertragingstrategieë toepas om SARS te ontnem van dit wat aan die fiskus verskuldig en betaalbaar is nie. “Ek moedig alle insolvensiepraktisyne aan om hulle pligte voortdurend vreesloos en vasberade uit te voer. Sodanige pogings is lewensbelangrik tot krediteure se vermoëns om hulle skuld in te vorder”.

SARS sal altyd optree in ‘n mate wat ekonomiese groei ondersteun, werk skep, en terselfdertyd armoede en ongelykheid ondersteun. Waar besighede, om watter rede

ook al, nie optimaal presteer nie en nie meer lewensvatbaar is nie, is elke rolspeler in die proses verplig om eties en professioneel, sonder aansien des person op te tree.

Vir meer inligting, kontak [SARSMedia@sars.gov.za](mailto:SARSMedia@sars.gov.za)